

4 September

Skrifgedeelte: Matteus 6:9-13

Fokusgedeelte: Matteus 6:10a; Heidelbergse Kategismus Sondag 48

Wees U asseblief my Koning!

As ek bid: Laat u koninkryk kom, waarvoor bid ek? Die Kategismus sê dit beteken ek bid eintlik: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp.

Laat u koninkryk kom is dus in die eerste plek 'n gebed dat God my só deur sy Woord en Gees sal regeer dat ek my hoe langer hoe meer aan God onderwerp. Dit is dus nie 'n gebed dat God sy koninkryk moet laat kom en ek self hoef niks te doen nie. Nee, allermens. Ek moet my hoe langer hoe meer aan God onderwerp. Ek moet my deur sy Gees en Woord laat regeer. Ek moet God Koning laat wees in my lewe!

As ek dus bid: *Laat u koninkryk kom*, dan sê ek eintlik daarmee: Here, ek gee die beheer van my lewe oor aan U. Ek is u kind deur Jesus Christus, daarom wil ek my ook deur u Gees laat lei. Ek wil nie meer net vir myself lewe nie. Ek wil my nou aan U onderwerp. Ek wil hê U moet my deur u Woord en Gees regeer. Ek wil my koninkrykie prysgee en ek wil u koninkryk laat uitbrei.

Is u gereed om dit te doen? Is u gereed daarvoor dat u geen sê meer gaan hê oor u eie lewe nie en om volle seggenskap aan God oor te gee? Voordat u dalk te vinnig te vinnig ja sê, moet u eers mooi dink oor die gevolge van so 'n besluit. God alleen kan my so 'n radikale besluit laat neem, daarom moet ek Hom vra om dit te doen. Dan sal alleen sal ek God se koninkryk laat kom in my werk, in my huis, in my skool, ook in my wyk en in my gemeente.

Sing: Skrifberyming 28:1, 2 (10-1)

Ds. HPM van Rhyen (Pretoria-Noord)